

Hoe moet ek bid?

Inleiding

As gevolg van dinge soos die virus pandemie, die rassekwessie en die ineenstorting van die ekonomie, het daar 'n wolk van swaarmoedig oor die wêreld gekom. Voeg hierby die tonele van menslike lyding wat deur natuurrampe veroorsaak word, dan kan ons verstaan hoekom so baie mense mismoedigheid ervaar. In ons land dra gereelde berigte oor misdaad, moord en korrupsie boonop by tot die algemene gees van swaarmoedigheid. Baie gelowiges word ook deur hierdie dinge beïnvloed en kla dat hulle verward raak omdat hulle nie meer weet hom om in hierdie omstandighede te bid nie.

Paulus het dieselfde probleem gehad. Alhoewel hy as gevolg van omstandighede, soms ook nie geweet het hoe om te bid nie, getuig hy dat te midde van al sy negatiewe ervarings van ongerief en lyding (**2 Kor. 11:23-30**), hy tog deur die Heilige Gees bemoedig en versterk is. Bewus van dieselfde probleem wat baie gelowiges gaan ervaar, skryf hy aan die gemeente in Rome:

*“En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, **want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.** En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree (**Rom. 8:26-27**, my klem).*

Hoe help die Heilige Gees ons om te bid?

Wat beteken: *“...die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.”*
(*“...met versugtinge **wat nie met woorde gesê word nie**” NV, my klem).*

Waarna verwys hierdie “onuitspreeklike sugtinge?”

Dit kan tog nie na die gekreun van die Heilige Gees verwys nie, want Hy sal nooit nie weet hoe om met die Vader te kommunikeer nie. Die Heilige Gees weet ten alle tye presies waarvoor om in te tree (vers 27).

Dit kan ook nie, soos sommige probeer verduidelik, na die spreek in tale verwys nie, want om in tale te bid, moet juis woorde gebruik word wat geïnterpreteer moet word om verstaan te word.

Romeine 8:23 gee 'n verduideliking:

*“...ons **sug ook in onself** in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam..”*

Ons moet dus aflei dat die Heilige Gees nie Sy versoeke direk na die Vader in die hemel stuur nie, maar dit so bewerk dat ons dit **in ons harte** voel. Dat dit kan gebeur word bevestig deur wat ons **Filippense 2:13** lees:

“...want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.”

Ek is van mening dat in omstandighede waar ons nie weet hoe om te bid nie, die Heilige Gees ons soms 'n las of 'n intense emosie kan laat ervaar wat ons net deur 'n sug aan uiting kan gee. Hierdie tipe “*onuitspreeklike sug*” glo ek word deur die Heilige Gees geïnspireer en word as 'n “gebed” of 'n petisie deur ons Hemelse Vader aangehoor. Hoeveel keer in ons lewe het ons nie al in 'n kritiese situasie woordeloos innerlik “Here help” gesug nie? Hierdie “sug” kon die Heilige Gees gewees het wat namens ons by die Vader intree omdat ons self nie geweet het hoe om te bid nie!

Om te voel in gebed

Ek glo dat dit wat Jesus oor treur te sê het, nou aansluit met dit wat Paulus oor “sug” skryf:

*“Salig is die wat **treur**, want hulle sal vertroos word” (Matt. 5:4, my klem).*

Hierdie “treur” waarvan Jesus praat is 'n gevoel wat tog nie betrekking kan hê op die gewone treur wat die mensdom in die algemeen by die afsterwe van geliefdes ervaar nie, want selfs boewe treur as een van hulle makkers sterf. Die tipe treur waarna Jesus verwys moet die hartseer wees wat ervaar word wanneer daar na die pyn en lyding gekyk word wat deur sonde en ongeregtigheid in 'n gebroke wêreld veroorsaak word.

Slotsom

Daar is 'n verskil tussen 'n sug van mismoedigheid en 'n “sug” wat 'n uitdrukking is van 'n diep innerlike behoefte vir die ingryping van ons Hemelse Vader in 'n spesifieke saak. Die een kan bloot 'n vleeslike reaksie wees op negatiewe omstandighede en die ander kan 'n uitdrukking wees van 'n diep werking van die Heilige Gees.

Die gevaar bestaan dat omdat ons so baie gebedsversoeke ontvang, ons geneig is om op 'n meganiese manier oor die lys te bid. Miskien behoort 'n mens stiller te raak en in geloof op die Heilige Gees te wag vir Sy las wat Hy op ons wil lê en wat soms, as gevolg van hoe dit ons diep raak, net met 'n “sug” uitgedruk kan word.

“...want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae” (Fil. 2:13).

“Want so sê die Here HERE...: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertrou bestaan julle krag...” (Jes.30:15).

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com